

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

[redacted]

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2017

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

**PUNTE: 150**

* H I S T A 4 *

Hierdie addendum bestaan uit 13 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1 WATTER BYDRAE HET STEPHEN BANTU BIKO TOT DIE VRYHEIDSTRYD IN SUID-AFRIKA IN DIE 1970's GEMAAK?

### BRON 1A

Die volgende uittreksel fokus op die filosofie van Swartbewussyn. Dit is deur G. Bizos geskryf.

Die Swartbewussynbeweging (BCM) was betrokke by welsyn, mediese en self-helpprogramme. Steve Biko, as een van die stigters van die BCM, was baie betrokke in die bedrywighede van die Swart Gemeenskap Programme (BCP), waarby hy in Augustus 1972 aangesluit het nadat hy sy mediese studies aan die Universiteit van Natal beëindig het. Hy het die rasionaal (doel) agter die organisasie beskryf as:

'Basies om die probleem aan te spreek dat die Swart-man 'n verslane wese is wat dit baie moeilik vind om homself aan sy stewelveters op te lig. Hy is vervreemd. Hy word gemaak om heeltyd te leef met aangeleenthede van voortbestaan, gemoeid met môre. Nou het ons egter gevoel dat ons moes probeer om hierdie houding te verslaan en te breek ten einde weereens 'n gevoel van waardigheid binne die Swart man aan te kweek. So wat ons gedoen het was om verskillende tipes programme te ontwerp, dit aan die Swart gemeenskap aan te bied met 'n duidelike illustrasie dat hierdie programme deur Swart-mense geskep was vir die uitsluitlike doel om die Swartgemeenskap op te bou. Ons het geglo dat ons mense opvoed deur die voorbeeld te stel'.

[Vanuit: *Steve Biko In No One To Blame? In Pursuit Of Justice In South Africa* deur G. Bizos]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 1B**

Die volgende bron gee ’n uiteensetting van die interaksie tussen Donald Woods en die Minister van Justisie, J.T. Kruger, oor die dood van Steve Biko.

Ek het een keer na mnr J.T. Kruger gegaan en hom gesmeek om die beperkings op Steve op te hef en om met hom te praat. Die resultaat van daardie besoek was ’n toename in Steve se beperkings en ’n staatsvervolging teen my.

Hy het altyd so hardnekkig as moontlik uit sodanige beproewings [detensie] gekom en so onkeerbaar humoristies oor die ondervragingsessies. Hy het ’n veel beter begrip gehad oor sy ondervraers se vrese en motiverings as wat hulle ooit sal besef, en met byna totale herroepping het hy aan my die volle omvang van hul vrae vertel. Baie was eenvoudig ongelooflik...

Die regering het heel duidelik nooit verstaan tot watter mate Steve Biko ’n man van vrede was nie. Hy was militant in die verdediging van sy beginsels, ja, maar sy blywende doel was ’n vreedsame versoening van alle Suid-Afrikaners, en binne hierdie raamwerk weet ek dat hy ’n matigende invloed was.

Tydens die toespraak van ’n vergadering van meer as 1 000 mense, ter herdenking van mnr Biko se dood in aanhouding, het mnr Donald Woods gesê... ‘As enige van vier redes vir sy dood beweer was, sou ek geweet het dat dit onwaar was’. Een van die vier redes was dood deur ’n hongerstaking.

**Geen aanranding – geen toesmering — *Kruger***

Die Minister van Justisie, mnr Kruger, het in ’n onderhoud gesê dat die voorlopige verslag oor mnr Steve Biko se dood nie die indruk gegee het dat ’n polisie-aanranding die oorsaak van sy dood was nie.

‘Ek persoonlik glo dit nie’, het hy gesê. Ek glo nie dat my polisie – enigiets verkeerd gedoen het nie … As daar iets verkeerd in die Biko-geval is, sal ek verbaas wees… Daar sal ’n toesmering in die Biko-geval wees, het mnr Kruger gesê.

[Vanuit: *No.46: Steve Biko* deur H. Bernstein]

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 1C**

Hierdie uittreksel deur Nadine Gordimer, ’n ANC-lid, bring huldeblyke aan Steve Biko.

Iewers in een van my romans wat gedurende die ergste jare van die apartheid regime geskryf was, sê ’n karakter: ‘In ’n wêreld van soveel boosheid en soveel kompromieë met die bose, beteken dit iets spesiaals om in ’n land te woon waar daar nog steeds helde is.’


Ons land was so ’n land. In die dieptes van apartheid se rassistiese barbaarsheid, was daar sulke helde. Een van diegene wie se toewyding aan vryheid, om geregtigheid, wie se dapperheid, en wie se afgryslike (verskriklike) lyding, sekerlik die beproewinge (lyding) van genadelose onderdrukking en weerstand daarteen verpersoonlik, was Steve Biko.

Dit is moeilik om nie te spekuleer met enorme spyt, wat hy sou beteken het in die skepping van die nuwe Suid-Afrika wat vandag ontwikkel; wat sy duidelikgesindheid en diep kennis van die land en sy mense se werklike behoeftes sou bygedra het tot ons ontwikkeling.

[Vanuit: A Resource To Inform Us Our Present and Future deur Nadine Gordimer]

**BRON 1D**

Hierdie spotprent deur Zapiro herdenk die nalatenskap van die Swartbewussynleier, Stephen Bantu Biko.




[Vanuit: Die *Sowetan,* 12 September 1997]

20 Jaar later, ’n onuitwisbare nalatenskap


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEID- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) VREDE EN VERSOENING IN SUID-AFRIKA MEEGEBRING?**

**BRON 2A**

Die volgende uittreksel beskryf die samestelling en werk van die Waarheid- en Versoeningkommissie (WVK).

Die WVK was vroeg in 1996 gestig, onder die gesamentlike leiding van Aartsbiskop Desmond Tutu en voormalige geestelike en liberale politikus, Alex Boraine. Ander kommissarisse het oor die rasse en politieke spektrum gestrek. Sy take was om menseregte-misbruike aan alle kante tussen 1960 en 1994 te ondersoek, om getuienis van slagoffers en oortreders aan te hoor, en waar daar volledige bekendmaking en politieke motivering duidelik teenwoordig was, oortreders amnestie te verleen teen siviele vervolging en siviele aksie. Die doel was om mense aan te moedig om die waarheid te vertel. Afsonderlike amnestie-verhore was vir hierdie doel gehou. Indien oortreders nie hierdie geleentheid aangegryp het nie was dit duidelik gemaak dat hulle vir vervolging aanspreeklik sou wees. Die WVK was ook gevra om aanbevelings te maak oor hoe slagoffers deur reparasies vergoed kon word.

Die funksie van die Kommissie sal wees om sy doelwitte te bereik en met hierdie ten doel sal die Kommissie:

- navrae fasiliteer, en inisieer of koördineer ten opsigte van:
  - growwe skendings van menseregte, insluitend oortredings wat deel van 'n sistematiese patroon van mishandeling was;
  - die aard, oorsake en omvang van growwe menseregteskendings, insluitende die voorlopers, omstandighede, faktore, konteks, motiewe en perspektiewe wat gelei het tot sodanige oortredings;
  - die identiteit van alle persone, owerhede, instellings en organisasies betrokke by sodanige oortredings;
  - die vraag of sodanige oortredings die gevolg was van doelbewuste beplanning aan die kant van die staat of 'n voormalige staat of enige van hul organe, of van enige politieke organisasie, vryheidsbeweging of ander groep of individuele;
  - verantwoordbaarheid, polities of andersins, vir enige sodanige oortreding;

[Vanuit: *Every Step Of The Way* deur die Departement van Onderwys]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 2B**

Hierdie bron is ŉ uittreksel van Monika Mbele se onderhoud wat sy met F.W. De Klerk en Cyril Ramaphosa op SABC 3 op 30 April 2006 uitgevoer het.

**F.W. DE KLERK:** Die WVK-proses was in baie opsigte gebrekkig: talle gruweldade (moorde) van die verlede is nie behoorlik ondersoek nie; daar was ŉ oorbeklemtoning van die rol van die voormalige veiligheidsmagte; die moord op ongeveer 400 hoof IVP-leiers is nie deeglik ondersoek nie; daar was nie ŉ diepgaande ontleding gedoen van wat baie as 'swart-op-swart' geweld sou noem nie. Hierdie foute skep ŉ wanbalans wat die geloofwaardigheid van die WVK verswak. Verder dink ek dat die WVK misluk het om ŉ deeglike begrip van die kern van die verlede te kry of om voort te bou op daardie begrip. Daar is onvoltooide sake, maar ons moet nou die gees van die Grondwet uitleef. Ons moet Ubuntu hê … in stede daarvan om wraak te soek. Ons moet mense vergoed in plaas van vergelding soek. As vervolgings voortgaan, moet almal dieselfde behandel word: daar moet vervolging wees van onbekende misdade van alle kante, nie net van die een kant nie. Ek was nog nooit tevrede met onvoorwaardelike amnestie nie, maar dit sal ŉ gewelddadige, negatiewe uitwerking hê as ons nou ŉ situasie kry wat as ŉ heksejag geïnterpreteer kan word. Ons moet ŉ balans vind. Vervolging in uitsonderlike gevalle kan geregverdig word indien dit duidelik is dat mense die waarheid van ernstige misdade weggesteek het waarvoor hulle eintlik vir amnestie aansoek moes gedoen het.

**CYRIL RAMAPHOSA:** F.W. De Klerk gebruik emosionele (sensitiewe) woorde wanneer hy die term 'heksejag' gebruik. Die term 'heksejag' was nog nooit deel van die leksikon (woordeboek) van die nuwe Suid-Afrika nie. Toe Nelson Mandela hierdie land tot eenheid en versoening gelei het, het hy verseker dat daar nie enige onvoorwaardelike 'heksejag' tipe proses sou wees nie. Ons is nie gewoond aan heksejagte nie; ons is egter as ŉ opkomende demokrasie gewoond aan geregtigheid. As misdade in die verlede gepleeg was, deur wie ookal en daar is geen aansoek om amnestie gedoen toe die geleentheid daar was nie, moet geregtigheid seëvier.

[Vanuit: *Truth and Reconciliation in South Africa 10 years on deur* C. Villa-Vicencio & F. du Toit]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 2C**

Die volgende uittreksel is deel van 'n getuienis wat Mamanki Sepei (ma van Stompie Sepei) gegee het by die WVK-verhore.

Op die 13de Februarie 1989, het hulle my seun gevat en ons het na Brixton gegaan. Ons het na die Diepkloof lykshuis gegaan. Dit is waar ek Stompie geïdentifiseer het. Sy liggaam was ontbind, maar jou seun is jou seun. Ek het geveg vir my regte. Daar was tekens wat my regtig aangedui het dat dit Stompie was. Nadat hy doodgemaak was, was hy in die rivier tussen nuwe Kanada en Soweto gegooi. Jy kon hom nie eens identifiseer nie.

Ek het na Stompie gekyk want ek is sy ma. Ek het deeglik na hom gekyk. Ek het die eerste teken gesien. Ek het gesê, 'Ek ken my seun. Hy het nie hare op die agterkant nie.' Sy oë was uitgegrawe (uitgedwing), en ek het gesê, 'Dit is Stompie.' Hy het 'n litteken op sy oog gehad. Ek het na die neus gekyk en hy het 'n geboorte-merk gehad. Ek het na sy bors gekyk en ek kon 'n litteken sien omdat hy met 'n ander seun in Thumahole geveg het. En ek het na sy linkerhand gekyk. Dit was identies aan myne...

Verslaggewers het na my gekom. Hulle het vir my gesê dat, 'Stompie is lewendig. Hy is in Botswana.' Hulle het gesê dat mev Mandela hulle vertel het dat Stompie lewendig is; hy is in Botswana. Ek het vir hulle gesê: 'Ek dra nie 'n zombie nie, ek dra my seun. Ek ken sy geboorte-merke. Ek het hom grootgemaak uit sy kinderjare ... Niemand sal my ooit enigiets oor my kind vertel nie. Ons het na die lykshuis gegaan om hom vir die laaste keer te sien. Hy was ontbind, hy het 'n slegte reuk gehad. Ons kon hom nie na die huis bring nie. Saam met my familie en my pa het ons hom gaan sien en hy was die ware Stompie. Maar mnr Msipidi het vir ons gesê dat, 'dit is nie Stompie nie.'... Hulle het die gerug versprei dat Stompie 'n informant was. ''Die eienaar van die lykshuis sê die persoon wat gesterf het was nie Stompie nie.' Ek het gesê: 'Dis nuus vir my.' Die persoon wat ek môre gaan begrawe is my seun.'

[Vanuit: *http://www.justice.gov.za/trc/media 5C1996 5C9605/s960508d.htm*. Toegang verkry op 23 November 2016.]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 2D**

Die foto hieronder toon lede van die ANC Vroueliga wat plakkate dra ter ondersteuning van Winnie Mandela gedurende die WVK-verhoor.




[Vanuit: http://www.gettyimages.com/detail/news-photo/may-2004-women-show-their-support-for-winnie-madikizela-news-photo/107145359#may-2004-women-show-their-support-for-winnie-madikizelamandela-a-picture-id107145359. Toegang verkry op 23 Maart 2017]

Oorlog is oorlog. Lys van mpimpis (informante) Cebekulu, Falati, Stompi Lolo

Bravo Winnie. President van die ANC Vroue Liga en SA

Besering aan Winnie is besering aan SA

 Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN GLOBALISERING OP DIE EKONOMIEË VAN ONTWIKKELENDE LANDE NA 1989?**

**BRON 3A**

Hierdie bron handel oor die impak wat globale verandering gehad het op landbou en hoe dit die internasionale ekonomie beïnvloed het.

Navorsing oor die landbou-impak van globale verandering beklemtoon dikwels die fisiese en sosio-ekonomiese impakte van klimaatsverandering, maar tog kan globale veranderinge wat geassosieer word met die internasionalisering van ekonomiese aktiwiteit ook 'n beduidende impak het op voedselstelsels. Saam, stel klimaatsverandering en globalisering boere bloot aan nuwe en onbekende omstandighede. Alhoewel sommige boere in 'n posisie is om voordeel te trek uit hierdie veranderinge, staar baie, meer verhoogde kwesbaarheid, veral in die ontwikkelende wêreld, in die gesig. Hierdie skrewe oorweeg die dinamika van landbou-kwesbaarheid tot globale verandering deur die voorbeeld van suidelike Afrika. Ons demonstreer dat die kombinasie van globale en nasionale ekonomiese veranderinge die konteks verander waaronder suider Afrikaanse boere klimaatvariasie hanteer en aanpas by langtermyn-verandering. Ons vind dat boere wat voorheen moeilik aangepas het by klimaatvariasie nou minder kwesbaar raak vir droogte-verwante voedseltekorte as gevolg van handelsliberalisering. Terselfdertyd, egter, kan die opheffing van nasionale krediet en subsidies die ander boere se aanpassingstrategieë beperk en hulle meer kwesbaar laat vir klimaatvariasie en verandering.


[Vanuit: *Mitigation and Adaptation Strategies for Global Change* deur Leichenko en O'Brien]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 3B**

Hierdie plakkaat deur die *South African Social Protection Experts Network* (SASPEN) gee 'n uiteensetting van hoe arm gemeenskappe in Suider-Afrika lande hul lewensomstandighede kan verbeter.




[Vanuit: *http://www.fao.org/3/a-c0012e.pdf*. Toegang verkry op 15 November 2016]

Hoe kan landbou en maatskaplike beskerming saam werk om klein arme familieboere te laat wegbreek van armoede en hongersnood?

Landbou kan:
- Klein arme familieboere se toegang tot natuurlike hulpbronne, versekering, krediet en verlengingsdienste en markte verbeter.
- Werksgeleenthede sowel as die beskikbaarstelling van voedsel en die lae voedselpryse met voordele vir net voedselaankopers, vermeerder

Maatskaplike beskerming kan:
- Kredietbeperkings verminder en laat klein arme boere toe om betrokke te raak in meer produktiewe en winsgewende landbouaktiwiteite.
- Plaaslike ekonomiese aktiwiteit bevorder deur die aanvraag na voedsel en ander dienste te vermeerder


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 3C**

Hierdie bron gee ŉ uiteensetting van die standpunte van die twee studente op die gevolge van globalisering.

**Siening van Domschu**: Verder, die aantal mense wat wêreldwyd in volslae armoede leef is baie kommerwekkend. Dit sou verkeerd wees om die gevolgtrekking te maak dat globalisering hierdie afwyking veroorsaak het, of dat niks gedoen kan word om die situasie te verbeter nie. Afgesien van dit: die lae-inkomste lande kon nie maklik integreer in die globale ekonomie soos die ander nie, gedeeltelik as gevolg van hul gekose beleide en deels as gevolg van faktore buite hul beheer. Geen land, veral die armste, kan bekostig om van die wêreld-ekonomie geïsoleer te wees nie. Elke land moet probeer om armoede te verminder. Die internasionale gemeenskap moet poog om die armste lande te voorsien – deur die internasionale finansiële stelsel te versterk, deur middel van handel en voorraad – om te integreer in die globale ekonomie om vinniger te groei en armoede te verminder. Dit is die manier om te sorg dat alle mense in alle lande toegang het tot die voordele van globalisering

**Siening van Christian Kalytta**: In my opinie het globalisering ŉ klomp positiewe gevolge. Daar is byvoorbeeld ŉ globale mark vir maatskappye om hul produkte te verhandel en ŉ wyer reeks van opsies vir mense, om te kies uit die produkte van verskillende nasies. Verder is kommunikasie tussen die lande op die opkoms, wat lei tot verbeterde begrip en breër visie. Wanneer kommunikasie tussen twee lande vermeerder, is daar ook ŉ interaksie van kulture. Dit laat ons nou toe om meer te weet oor ander se kulturele voorkeure en waarskynlik te leer uit die ekonomie van ander nasies.

Daar is ook nadele, wanneer daar oor globalisering gepraat word. In my opinie, veroorsaak globalisering ŉ beweging van werksgeleenthede van Europese- na Asiatiese-lande. Dit is die gevolg van die laer koste van arbeid in die Asiatiese lande in vergelyking met ander lande. Die hoë winsgrense van maatskappye in Asië, het gelei tot ŉ druk op die werkende Europeërs, wat altyd onder bedreiging was dat hul besigheid uitgekontrakteer sal word.

[Vanuit: *https://laboureconomics.wordpress.com/2012/05/14/causes-and-effects-of-globalization-6/*. Toegang verkry op 15 November 2016]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 3D**

Hierdie bron verduidelik die negatiewe effekte wat globalisering op ontwikkelende lande gehad het.

Dit is nie net die ontwikkelde nasies wat kla oor die negatiewe effekte nie, mense in ontwikkelende lande – waar die meeste van die nywerhede opgestel was, het hul eie stel redes waarom hulle teen globalisering is. Hulle kla dikwels dat hulle stede verminder was tot vullishope waar alle industriële afval opgehoop word en besoedelingsvlakke hemelshoog is.

Kitskoskettings soos McDonalds en KFC is besig om vinnig in die ontwikkelende wêreld te versprei. Mense verbruik meer gemorskos wat 'n nadelige uitwerking op hul gesondheid het. Afgesien van gesondheidbekommernisse, is daar iets anders waaroor globalisering gekritiseer word en dit is dat dit die sluise oopgemaak het vir restaurante en eetplekke wat onsensitief vir die godsdienstige oortuigings van die gasheernasie is. Byvoorbeeld, 'n regsgeding moes teen McDonalds geopen word in Indië, nadat hulle daarvan beskuldig was dat hulle beesvleis in hul burgers bedien.

Terwyl die rykes ryker word, sukkel die armes vir 'n ordentlike maal. As die huidige *Beset Wall Straat*-betogings 'n herinnering is van hoe kwaad mense met die huidige opset is, dan moet diegene wat ons regeer kennis neem, en werk tot die verligting van armoede. Ideaal moes globalisering gelei het tot die skepping van rykdom en voorspoed, maar korporatiewe gierigheid en korrupte regering het verseker dat geld nie eweredig versprei word nie.

[Vanuit: *http:/www.buzzle.com/articles/negative effects of globalisation.html*. Toegang verkry op 23 November 2016]


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bernstein, H. 1978 *No.46 'Steve Biko',* London International Defence and Aid Fund.

Bizos, G. 1998 *'Steve Biko' in No one to blame? In pursuit of justice in South Africa* (New Africa Books)

*Every Step of the Way*, HSRC Report 2004 (Departement van Onderwys)

Gordimer, N. 2015 *'A reBRON to inform us our present and future'* in *Steve Biko 25 Years On*

*http://www.fao.org/3/a-c0012e.pdf*

*http://www.gettyimages.com/detail/news-photo/may-2004-women-show-their-support-for-winnie-madikizela-news-photo/107145359#may-2004-women-show-their-support-for-winnie-madikizelamandela-a-picture-id107145359*

*http://www.justice.gov.za/trc/media 5C1996 5C9605/s960508d.htm*

*http:/www.buzzle.com/articles/negative effects of globalisation.html*

*https://laboureconomics.wordpress.com/2012/05/14/causes-and-effects-of-globalization-6/*

Leichenko and O'Brien 2002 *Mitigation and Adaptation Strategies for Global Change* (Springer Link)

Nkurayija, C.J. de la Croix 2011 *The Impact of Globalisation on Africa's development* (National University of Rwanda)

Die *Sowetan*, 12 September 1997

Villa-Vicencio C & du Toit F 2006 *Truth and Reconciliation in South Africa 10 years on* (David Philip, Claremont)

eduresourceza.com

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com